Nuusbrief 15 van 2024
10 September 2024




# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

**Liewe Graad 12-ouers**

Die einde van die rekordeksamen is in sig en ons matrikulante skryf volgende Woensdag hulle laaste vraestel.

Hierdie is 'n baie belangrike eksamen en dit is noodsaaklik dat ons leerders gemotiveerd sal bly en hard sal leer tot die einde van die eksamen.

Gedurende die Septembervakansie gaan ons ekstra klasse in enkele vakke aanbied. Hierdie ekstra klasse is verpligtend. Indien daar 'n krisis is, moet u asseblief direk met die betrokke personeellid skakel.

| Dinsdag, 24 September | Woensdag, 25 September | Donderdag, 26 September |
|---|---|---|
| RTT | Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid | Geografie |
| 09:00 – 13:00 | 09:00 – 12:00 | 09:00 – 12:00 |
| | 13:00 – 16:00 | 13:00 – 16:00 |

Die matriekafskeid vind op Vrydag, 20 September plaas. Vir ons matrikulante: geniet die aand – dit is spesiaal vir julle gereël! Wees ten alle tye verantwoordelik! Vir ons ouers: wéét waar is jou kind nadat hy/sy die matriekafskeid verlaat het!

Sterkte met die laaste deel van die rekordeksamen! Geniet die res van die week!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman